

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-1:1, 2, 6, 7 (19)

- 1 Nou sal ek opstaan, na die woning weer, / die vaderhuis my wank'le voetstap keer.
"My vader, sal ek sê, van misdaad sku, / "my sonde" is teen die hemel en voor u."
- 2 "Ek het van hoë kindskap neergestort / en is nie werd u seun genoem te word,
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees."
- 6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / "Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;
bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,
- 7 "Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis,
weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore, is eind'lik weer gevind."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:9, 13 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewee.
- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Gebed

Psalm 8:1, 3, 4 (p. 30)

- 1 Daar is geen land so ver of woës geleë, / geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid – / of orals blink u Naam en majesteit.
- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

Skriflesing: Eksodus 19:1-20:21

Kernverse: Eksodus 20:18-21

En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan.

En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons.

Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie.

So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolkedonkerheid waar God was.

(Eksodus 20:18-21 AFR53)

Tema: Vrees vir die Here of vrees van die Here?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons kom vanaand aan die einde van die reeks preke uit Eksodus 19 en 20. In Eksodus 19 het ons die aanloop tot die aankondiging van die Tien Gebooie. In die aanloop tot die aankondiging van die Tien Gebooie het die Here heel eerste duidelik gemaak dat dit Hy is wat sy volk uit Egipte verlos het. Hy het hulle die afgelope drie maande gedra sodat Hy hulle na Homself toe kon bring. Hy wil hulle nou onderrig sodat hulle 'n koninkryk van priesters vir die Hom kan wees onder al die ander volke.

Nog in die aanloop tot die aankondiging van die Tien Gebooie het die Here dit twee maal baie duidelik gemaak dat Hy die heilige God is. Daarom moet die volk hulleself voorberei om die Here self te ontmoet. En die volk moes hulle plek voor die Here ken. Daar moes 'n grens rondom die berg gestel word sodat niemand – nie 'n mens of 'n dier – teen die berg opgaan nie. Niemand mag uit nuuskierigheid na die Here probeer deurbreek nie.

Die derde dag het toe aangebreek, heeltemal anders as al die ander dae wat die volk al beleef het. Daar was donderslae, weerligte en 'n donker wolk op die berg. Die sterk, helder klank van 'n ramshoring het weerklink. Die berg het begin rook toe die Here in 'n vuur daarheen afgekom het. Moses het die volk uit die laer uitgelei om aan die voet van die berg te gaan staan sodat hulleself die stem van die Here kan hoor.

Onder die skouspel van die donderslae, blitse en rook het hulle die helder duidelike stem van die Here gehoor toe Hy die een gebod na die ander aangekondig het. In elkeen van hierdie gebooie het die Here Homself aan sy volk bekend gestel. En omdat hulle aan Hom behoort, want Hy het hulle uitverkies en Hy het hulle verlos, wil Hy dat hierdie karaktereenskappe van Hom in elkeen van sy kinders ook sal groei en toeneem. So ernstig as wat die Here is oor sy verhouding met sy mense, so wil die Here hê dat sy mense in antwoord op sy liefde ook ernstig oor hulle verhouding met Hom sal wees. Die Here se hart en begeerte is gerig op sy volk. Deur die werking van die Heilige Gees moet die volk se hele hart ook op die Here gerig wees.

Nadat die Here sy Tien Gebooie aangekondig het en die volk onderrig het om 'n koninkryk van priesters te wees, hoor ons hoe hulle daarop gereageer het. Dit is in hierdie reaksie van die volk waarin die Here aan ons openbaar wat die wese van egte diens aan Hom is. Luister weer na die reaksie:

En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie. So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolke donkerheid waar God was. (Eksodus 20:18-21 AFR53)

Die wese van egte diens aan die Here is om die vrees van God voor oë te mag hê sodat ons nie sondig nie. Wat die Here hier openbaar verskil hemelsbreed van die mens se natuurlike geaardheid. Van nature is die mens in opstand teen die gesag wat daar oor hom aangestel is.

Ons moenie dink dat dit maar eers in vandag se tye is dat kinders dit waag om parmantig met hulle ouers en onderwysers terug te praat nie. Dit is ook nie maar eers in hierdie tyd

wat mense nie meer respek het vir 'n polisieman of 'n verkeerskonstabel of vir watter mense ook al in 'n gesagsposisie nie. In die drie maande sedert Israel uit Egipte verlos is totdat die Here hulle by Sinai gebring het, het die volk 'n paar keer teen Moses in opstand gekom. Dit gebeur by die Rietsee net voordat die Here hulle droogvoets daardeur laat trek het. By Mara het hulle teenoor Moses gemor oor die bitter water. Nadat hulle by Elim weg is, het hulle weer teen Moses opgestaan omdat hulle nie kos gehad het om te eet nie. Toe het die Here vir hulle manna uit die hemel gegee. Toe hulle by Refidim kom, het hulle weer met Moses rusie gemaak omdat hulle nie water het nie..

Mense se opstandigheid teen gesag is so oud soos die mensdom self. Dit lyk vir ons vandag net erger omdat mense glad nie meer 'n skaamte het oor hulle opstand nie. Aangesien dit nie die lewenstyl van mense is om respek en ontsag vir mense in gesagsposisies te hê nie, hoe leer 'n mens iemand dan die vrees van die Here? En selfs ons, wat weet ons van die vrees van die Here? Die vrees van die Here is verseker een van die belangrikste dinge wat ons sal leer ken in ons verhouding met die Here. Moses sê immers aan die volk:

God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees.
(Eksodus 20:20 AFR53)

Mag die Heilige Gees ons in hierdie openbaring van die Here inlei sodat ons ook begrip kan hê van wat die vrees van die Here werklik is.

Die eerste reaksie van die volk is dit:

En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. (Eksodus 20:18 AFR53)

Die geluid van die donderslae en die basuin, die flits van die blitse en die rokende berg het volk laat bewe. Wat 'n verrassende reaksie is dit nie? Die Here kom af na die berg toe om sy volk te ontmoet en hulle is doodbang. Hulle het gesien, gebewe en op 'n afstand bly staan.

God se heilige teenwoordigheid en die geluid van sy stem is vir die sondaar skrikwekkend. Dit is waaroor die volk in die aanloop tot die aankondiging van die Tien Geboie gewaarsku is. Die verskyning van die Here voor die aankondiging is indrukwekkend met al die donderslae en blitse. En dwarsdeur die aankondiging rammel dit en weerklink die ramshoring. En nou hoor ons dat die volk dit gesien het, gebewe het en op 'n afstand bly staan het.

Die benoudheid het die volk so beetgepak dat hulle mekaar al verder en verder agtertoe – weg van die berg af – verdring. Niemand wil nou naby die berg wees nie. Onthou hoe was dit aan die begin voordat die Here na die berg toe afgekom het? Die Israeliete het mekaar verdring aan die voet van die berg. Moses is teen die berg op en God het met hom die eerste keer gepraat. En toe Moses die tweede keer teen die berg op is om die volk se antwoord aan die Here te gee, was almal nuuskierig. Hulle wil sien wat bo-op die berg gebeur. Hulle wil sien as die Here met Moses praat.

Die volk het mekaar so aan die voet van die berg verdring dat die Here twee keer vir Moses moes sê:

Klim af, waarsku die volk, dat hulle nie na die HERE toe deurbreek om te sien en baie van hulle dan val nie. En ook die priesters wat naby die HERE kom, moet hulleself heilig, sodat die HERE nie teen hulle losbreek nie.
(Eksodus 19:21-22 AFR53)

Nou dring hulle nie meer al nader na die berg toe nie, maar al verder van die berg af weg.

God se nabyheid is vir die sondaar skrikwekkend. Intimiteit met die Here is nie iets wat 'n mens sommer so vir jouself toe-eien nie. Israel het die boodskap van God se heiligheid, sy almag, sy grootheid, sy heerlikheid, sy soewereiniteit helder en duidelik gekry uit die tekens van sy nabyheid. Deesdae wil mense so intiem met die Here wees dat hulle aan sy heiligheid en grootheid nie 'n kriesel aandag gee nie. Hulle is so blatant en voor op die wa met die Here dat 'n mens sou sê hulle praat van hulle buurman as hulle oor die Here praat. Om begrip te kry wat die vrees van die Here is, is dít dan die eerste wat ons moet raaksien – daar is tussen ons en God 'n baie groot afstand. Hy is heilig, almagtig, soewerein en groot en ons is sondig, swak, uitgelewer aan ons sondige geaardheid sodat ons niks self kan doen nie en baie, baie klein is.

Saam met hulle besef dat daar tussen hulle en die Here 'n baie groot afstand is, het Israel ook 'n versoek tot Moses gerig:

Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. (Eksodus 20:19 AFR53)

Wat die volk in werklikheid hier vra, is dat Moses as middelaar tussen hulle en die Here sal optree. Die tekens van God se nabyheid en sy donderende stem het hulle laat besef dat hulle 'n middelaar nodig het. Israel het agtergekom dat hulle onveilig is in die blote teenwoordigheid van die Here, want hulle is sondaars. Maar dit is net God wat God self veilig kan maak vir sondaars. Ons kom nou-nou hierop terug.

Daar is egter drie dinge wat ons in hierdie versoek van Israel hoor. Hulle vra eerstens dat Moses eerder met hulle moet praat. Noudat hulle die magtige teenwoordigheid van die Here gesien en sy donderende stem gehoor het, weet hulle dat hulle 'n middelaar nodig het. Hulle weet ook dat die Here vir Moses as tussenganger aangestel het. Die Here het immers vir Moses gestuur om hulle uit Egipte uit te lei. Maar hoe was hulle optrede teenoor Moses in die verlede? Hulle het sy gesag in twyfel getrek. Hulle het met hom rusie gemaak.

Kyk nou net wat doen die Here. Hy het net direk met sy volk gepraat en hulle skrik so groot dat hulle eerder Moses wil hoor as wat hulle die Here se eie stem kan hoor. Die Here verhoog sy dienskneg in die oë van Israel, soos wat Hy gesê het Hy sal doen. Voor die aankondiging van die Tien Gebooie het die Here vir Moses gesê:

Kyk, Ek sal in 'n dik wolk na jou toe kom, dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek, en hulle ook vir altyd aan jôu kan glo. (Eksodus 19:9 AFR53)

Die Here werk so met sy volk dat hulle self besef dat Moses inderdaad die tussenganger tussen hulle en God behoort te wees.

Die feit dat hulle vra dat Moses eerder God se woorde tot hulle sal spreek as wat hulle die Here se stem direk hoor, het nie beteken dat hulle nou minder gehoorsaam aan die Here gaan wees nie. Hulle neem hulle nie voor om nou ongehoorsaam te word net omdat dit Moses is wat God se woorde oordra en nie die Here self wat hulle hoor nie. Hulle sê dat hulle sal bly by hulle onderneming om gehoorsaam te wees. Hulle het reeds voor die aankondiging van die Tien Gebooie deur Moses aan die Here gesê:

Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen. (Eksodus 19:8 AFR53)

En nou sê hulle weer: Ons sal luister.

Israel besef dat dit eintlik hulle eie sondigheid is wat dit vir hulle onveilig maak om in die onmiddellike teenwoordigheid van die Here te wees. Hulle vrees dat hulle sal sterf weens hulle sonde as die Here weer direk met hulle gaan praat. Die rede vir Israel se versoek is eintlik verstommend. Van die begin af toe die Here vir Moses gestuur het om Israel uit Egipte uit te lei, het Hy gesê dat Hy sy volk gaan verlos sodat hulle Hom by die berg kan aanbid. Die Here het hulle verlos en Hy het hulle na Hom toe gebring by die berg. Hulle aanbid Hom en Hy het na hulle afgekom. Maar nou is hulle bang dat hulle sal sterf. Daarom moet Moses eerder as middelaar en tussenganger optree vir hulle.

Geliefdes, die noodsaaklikheid van 'n middelaar wat Israel besef het, is die tweede ding wat ons moet leer om te begryp wat vrees van die Here beteken. Mense het vandag die idee dat 'n mens sommer ongeërg in die heilige teenwoordigheid van die Here kan inwals. Mense neem dit sommer as vanselfsprekend aan dat die Here hulle sondes moet vergewe as hulle Hom daarom vra. Israel het besef dat hulle nie 'n reg het om naby die Here te mag wees nie. Hulle is sondaars en verdien om geoordeel te word. Slegs deur middel van 'n middelaar kan 'n mens naby die Here kom.

Op hierdie reaksie en versoek gee Moses aan die Israëliete die versekering:

Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie. (Eksodus 20:20 AFR53)

Israel se vrees vir die Here is sedert die sondeval die eerste reaksie van die mens wanneer die Here naby is. Net na die sondeval is Adam en Eva bang toe hulle hoor die Here is naby en hulle kruip tussen die bome in die tuin weg. En die woorde waarmee Moses begin om die Israëliete te verseker is woorde wat oor en oor deur die geskiedenis gehoor sou word. Wanneer die Engel van die Here aan Simson se ouers verskyn, is die eerste woorde: *Moenie vrees nie*. Wanneer Gabriël aan Maria verskyn, is sy eerste woorde: *Moenie vrees nie*.

Wanneer Moses vir Israel sê om nie bevrees te wees nie, wil hy aan hulle die versekering gee dat die Here se verskyning aan hulle en sy woorde teenoor hulle nie bedoel was om hulle van Hom af te verdryf nie. Die Here het goed bedoel, daarom moet hulle nie bevrees wees nie. Die Here het 'n tweeledige doel gehad met sy verskyning en woorde aan Israel: Hy wou hulle op die proef stel en dat sy vrees hulle voor oë mag wees.

Nou sal iemand kan vra: Maar wat moes Israel nou eintlik doen? Hulle moenie bevrees wees nie, maar die vrees van die Here moet voor hulle oë wees. Wanneer 'n mens die tweeledige doel van God se verskyning en woorde aan Israel bekyk, sal die verskil tussen vrees vir die Here en vrees van die Here duidelik word.

God het gekom om Israel te beproef. Hy het gekom om Israel te toets of hulle besef wie Hy is en wie hulle is. Die magtige verskyning van die Here met al die tekens wat daarmee gepaard gegaan het, sowel as die woorde van die Here, het Israel oortuig dat God inderdaad heilig en almagtig en soewerein is. En in die lig van sy grootheid het hulle besef hoe swak en ellendig en sondig hulle is. Hulle het nie die reg om in sy onmiddellike teenwoordigheid te wees nie. En omdat hulle tot hierdie besef gekom het en die Here juis gekom het om gemeenskap met hulle te hê, vestig Hy in hulle harte die vrees van die Here. Dit is die heilige ontsag en respek en eerbied vir die Here sodat hulle nie sondig nie. Die Here vestig in hulle die begeerte om nie iets te doen wat die Here ontevrede sal maak nie, want hulle het ontsag vir Hom.

Dit is dan die twee elemente van die vrees van die Here wat altyd teenwoordig is in egte diens aan die Here. Aan die een kant besef jy dat jy nie reg het om in God se teenwoordigheid te wees nie, want jy is 'n sondaar. Aan die ander kant is jy oortuig dat daar geen beter plek is as om in die teenwoordigheid van die Here te wees nie, want jy is 'n sondaar. Ons sien hierdie gesindheid raak in die tollenaar wat gaan bid het. Hy weet hy het nie reg op die Here se genade nie, want hy is 'n sondaar. Daarom kyk hy nie eers op na die hemel nie. Maar gedryf deur die grootheid en heiligheid van God wil hy nie op 'n ander plek wees as juis in die teenwoordigheid van die Here nie, want hy is 'n sondaar. Daarom roep hy met 'n harde stem en smeek om die genade van die Here.

Die vrees van die Here is dan om te besef dat ons nie reg op die Here se genade het nie, daarom mag ons nie eers naby die Here kom nie. Maar ons besef ook dat ons hart onrustig sal wees totdat ons rus in Hom gevind het, daarom wil ons op geen ander plek wees nie as naby die Here.

En dan hoor ons:

So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolke donkerheid waar God was. (Eksodus 20:21 AFR53)

Israel het God se grootheid besef. Hulle het besef dat hulle nie veilig is sonder 'n middelaar nie, daarom het hulle Moses versoek om as tussenganger vir hulle op te tree. En dit is wat hy nou ook doen. Terwyl die volk op 'n afstand bly staan, het Moses tot God genader waar Hy in die donker wolk was.

Ons eerste vraag is nou: Hoe kan Moses tot God nader? Alhoewel hy deur die Here self as tussenganger aangestel is tussen die volk en die Here, is Moses nie sondeloos nie. Hy is 'n mens soos al die ander Israëliete. Hoe is dit moontlik dat hy tot God kan nader?

Moses kon as middelaar vir die volk tot God nader omdat daar 'n Middelaar is wat baie groter as Moses self is. As 'n sondige mens het Moses ook 'n Middelaar nodig. En hy het 'n Middelaar gehad – Jesus Christus – die ewige Seun van God. Aangesien Jesus die ewige Seun van God is en Hy ons genadige Verlosser is, strek die verlossing wat Hy gebring het nie net die toekoms in sodat ons verlos kan wees nie, maar strek dit ook in die verlede in sodat ook Moses en die uitverkorenes van Israel met sy kosbare bloed bedek kan wees. Omdat Jesus Christus Homself aan die kruis gegee het as offer vir mense se sondes, kan Hy hulle beskerm teen die oordeel en verdoemenis wat hulle eintlik by God verdien het en mag hulle in die heilige teenwoordigheid van die Here inkom. Omhul met die volmaakte lewe en werk van Christus mag ons tot God roep: *Abba, Vader!*

Net God kan God self vir mense veilig maak. My werke gaan nie God se regverdigheid en heiligheid teenoor my versag nie. My beklemtoning van die Here se liefde en my ignorering van God se regverdigheid, gaan God nie veilig maak vir my nie. Al raak ek in my denke van die hel en die oordeel van God ontslae, moet ek steeds weet dat die Here my anders in sy Woord leer. Die enigste manier wat ons teen God se oordeel en toorn beskerm kan word, is wanneer die Here self ons daarteen beskerm. En Hy doen dit deur sy ewige Seun, Christus Jesus ons Here.

As jy vrees het vir die Here, as jy bang is vir God, luister dan wat die Heilige Gees ons hier leer: Laat die vrees van die Here in Jesus Christus ons altyd voor oë wees. Wanneer ons ten volle ons vertrouwe in Christus stel, sal ons ontsag en respek vir God hê en ons sal nie bang wees vir Hom nie.

Diegene wat Christus nog nie ken nie, het alle rede om bang te wees vir God. Sonder Christus staan 'n mens ontbloot in die heilige teenwoordigheid van die regverdige God waar 'n mens verteer sal word onder sy oordeel en toorn, soos wat Christus daardeur verteer is aan die kruis. Christus het egter onder die oordeel en toorn van die regverdige God en Vader gekreun sodat hulle wat die vrees van die Here het nooit daaronder sal kreun nie.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:1, 2, 3, 6 (10)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry, / van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag? / Benoudheid wat ons hier nog wag?
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 Februarie 2014